

Maandag 17 Julie

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:7; HK Sondag 25, Antwoord 65

Die Heilige Gees versterk ons geloof deur die Woord

Dat die Heilige Gees ons geloof deur die verkondiging van die evangelie versterk, is uit die Skrif baie duidelik, al word dit nie in die Kategismus gesê nie. Spesifiek in die boek Handeling (14:22; 15:32, 41; 18:23) word gesê dat Paulus en sy metgeselle die gelowiges geestelik versterk het. Hoewel die versterking ook deur die sakramente kon geskied, kan uit die verband en uit Paulus se briewe (vgl. 1 Tim. 4:13) afgelei word dat die Heilige Gees hom en sy helpers gebruik het om die gemeentelede geestelik te versterk deur die verkondiging van die evangelie. Dit blyk ook baie duidelik uit 1 Korintiërs 15:1 (1953-vertaling) waar Paulus aan die Korintiërs sê dat hy met sy skrywe die-selfde evangelie aan hulle verkondig wat hy vroeër aan hulle verkondig het en wat hulle ook aanvaar het. Dit is egter baie belangrik om daarop te let dat ons as gelowiges die roeping het om self ook ons geloof te laat versterk deur die Heilige Gees (vgl HK antw. 103). Die Gees doen dit by ons veral deur die Woord van God. Daarom sê Paulus aan Timoteus (1-4:7): “Oefen jou om in toewyding aan God te lewe.” Wat hierdie oefening ook verder mag beteken, sien dit in die besonder op ’n studie van die Skrif. Dit blyk daaruit dat Paulus aan Timoteus (2-4:15) van die Skrif sê: “Dit kan jou kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus.” Dit beteken dat die Christen ook moet volhou in Skrifstudie, want die Heilige Gees gebruik so ’n studie om ons in die geloof te versterk. Verder is dit nodig dat gelowiges eredienste gereeld moet bywoon (Heb. 10:25), omdat die Heilige Gees ook die verkondigde Woord kan gebruik om hulle geloof te versterk (Rom. 10:14). Nou is daar mense wat beswaar het teen die gewoonte om eredienste gereeld by te woon, asof gewoontes in alle gevalle ’n sleur is (’n gewoonte wat gedagtelos gevolg word). ’n Goeie gewoonte is egter nie noodwendig ’n sleur nie, want die Skrif leer ons dat dit ’n baie goeie invloed op ’n mens se lewe kan hê en inderdaad ’n middel in die hand van die Heilige Gees kan wees om ’n mens se geloof te versterk (Heb. 5:14, 1953-vertaling). Daar word ook van Jesus gesê dat Hy “soos sy gewoonte was” op die sabbatdag na die sinagoge gegaan het (Luk. 4:16). Toegepas op kerkbesoek, moet ons Hom daarin navolg (1 Joh. 2:6), sodat die Heilige Gees deur die Woord ons geloof kan versterk.